BELEGGINGS-OORSIG

DIE DOEL VAN **REMGRO SE BELEGGINGS** IS OM, DEUR **VOLHOUBARE DIVIDEND-** EN **KAPITAALGROEI,** VOORTREFLIKE OPBRENGSTE VIR AANDEELHOUERS TE VERSEKER.

BELÊ IN SEKTORE

MET 'N STEWIGE VERTONINGSREKORD

FINANSIËLE DIENSTE

- RMI (OPTIMISE DIVERSIFY MODERNISE)
- FIRSTRAND

GESONDHEID-SORG

- MEDICLINIC INTERNATIONAL

VERBRUIKERS-PRODUKTE

- RCL FOODS
- DISTELL
- SIQALO FOODS

NYWERHEID

- AIR PRODUCTS
- TOTAL
- kth
- WISPECO Aluminium
- PGSI

INFRASTRUKTUUR

- Community Investment Ventures Holdings
- GRINDROD
- GRINDROD SHIPPING
- SEACOM

MEDIA EN SPORT

- e

ANDER BELEGGINGS

FINANSIËLE DIENSTE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
RMI	599	1 161
FirstRand	657	1 093
	1 256	2 254

RMI OPTIMISE DIVERSIFY MODERNISE

PROFIEL: RMI is 'n beleggingshouermaatskappy, met 'n ervare beleggingspan wat bestaan uit andersdenkende finansiëledienstespesialiste. RMI sluit, in sy rol as 'n aandeelhouer met invloed, aktiewe vennootskappe met intelligente en bedryfsveranderende bestuurspanne.

Effektiewe belang **30.6%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
R44 729 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
H L Bosman

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, F Knoetze (alternatief)

Webwerf
www.rmih.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Inkomste	16 486	3.8
Wesensverdienste	1 956	(48.5)
Genormaliseerde wesens-verdienste	3 086	(24.4)

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

RMI is 'n beleggings-houermaatskappy. Verwys na die webwerwe van die grootste onderliggende beleggings.

www.discovery.co.za
www.momentummetropolitan.com
www.outsurance.co.za

RAND MERCHANT INVESTMENT HOLDINGS BEPERK (RMI)

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 48.4% tot R599 miljoen (2019: R1 161 miljoen) afgeneem.

Die onderliggende beleggings van RMI (met persentasiebelang in hakies) sluit Discovery (25.0%), Momentum Metropolitan (27.3%), OUTsurance (89.1%), Hastings (29.7%), RMI Investment Managers (100%) en AlphaCode (100%) in.

Discovery is 'n pioniermarkleier, met besighede wat uniek geposisioneer is in die gesondheidsorg-, lang- en korttermyn-versekerings-, welstand- en finansiëledienstesektor in onder meer Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk (VK) en China. Hastings is 'n VK-genoteerde, snelgroeiende, behendige, digitaal-gefokusde korttermynversekeringsverskaffer vir die VK motor-, afleweringsvoertuig-, motorfiets- en huisversekeringsmark. Momentum Metropolitan is 'n versekeringsgebaseerde finansiëledienstegroep waarvan die kernondernemings lang- en korttermynversekering, batebestuur, spaar-, beleggings-, gesondheidsorgadministrasie en werknemersvoordele bied. OUTsurance bied kort- en langtermyn-versekeringsprodukte in Suid-Afrika en korttermynversekeringsprodukte in Australië en Namibië aan. RMI Investment Managers se geaffilieerde model stel die onderneming in staat om toegang tot 'n gedifferensieerde deel van die beleggingsbestuursbedryf te verkry deur te belê in vennootskap met onafhanklike beleggingsbestuurders en spesialisbeleggingspanne.

RMI glo dat genormaliseerde verdienste 'n meer akkurate weergawe is van bedryfsvertoning en daarom word wesensverdienste, met inagneming van nie-herhalende items en rekeningkundige afwykings, aangepas. RMI se genormaliseerde verdienste vir die jaar onder oorsig het met 24.4% tot R3 086 miljoen (2019: R4 081 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik weens laer verdienste by Discovery (25.6% laer) en Momentum Metropolitan (50.5% laer).

Discovery se genormaliseerde verdienste het in die jaar tot 30 Junie 2020 met 26% afgeneem. 'n Voorsiening van R3.4 miljard (R2.3 miljard, netto van diskresionêre marge-

vergoeding) is gemaak vir toekomstige eise en verstrykings weens die Covid-19-pandemie.

RMI het genormaliseerde verdienste van R486 miljoen vanaf Hastings vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 ingesluit, wat 'n afname van 12% verteenwoordig. Bruto geskrewe premies vir Hastings vir die ses maande geëindig 30 Junie 2020 het met 3% tot £514.9 miljoen (2019: £499.2 miljoen) toegeneem, terwyl aangepaste bedryfswins na belasting met 31% tot £78.3 miljoen (2019: £59.7 miljoen) toegeneem het. Dit kan grootliks toegeskryf word aan polisgroei en 'n verbetering in die verliesverhouding, wat in 'n mate teengewerk is deur kliënte se optrede tydens die Covid-19-pandemie, waaronder die kwytskelding van fooie, verminderde polisaanpassings en verhoogde bedryfsbesteding vir IT-verbeterings om werknemers in staat te stel om van die huis af te werk.

Momentum Metropolitan het 'n 51%-afname tot R1.5 miljard in verwaterde genormaliseerde verdienste vir die jaar onder oorsig aangeteken. Dit was grootliks toe te skryf aan ekstra voorsienings wat gemaak is, met 'n netto negatiewe impak van R983 miljoen ten opsigte van potensieel nadelige Covid-19-verwante eise en polisverstrykings en -onttrekkings. Daarby het die gedeeltelike herstel van beleggingsmarkte in die laaste kwartaal van die finansiële jaar nie ten volle vergoed vir die swaar markverwante verliese wat in die derde kwartaal gerapporteer is nie.

Genormaliseerde verdienste van OUTsurance, insluitend sy aandeelhouding in Hastings, het met 8% tot R2.4 miljard afgeneem. Met uitsluiting van sy aandeel in Hastings, het OUTsurance se genormaliseerde verdienste met 7% tot R2.2 miljard afgeneem, hoofsaaklik toe te skryf aan die ongerealiseerde beleggingsverliese in die groep se ekwiteits-portefeulje, die impak van bosbrande en natuurrampe in Australië en eise ten opsigte van sake-onderbreking van R198 miljoen wat deur OUTsurance-besigheid betaal en voorsien is. OUTsurance se bedryfswins het met 2% vir die jaar onder oorsig toegeneem, aangehelp deur verbeterde bedryfswins-gewendheid in die Suid-Afrikaanse korttermynversekerings-bedryf danksy premiegroei oor die laaste jaar.

FINANSIËLE DIENSTE (vervolg)

FIRSTRAND

PROFIEL: FirstRand se portefeulje van geïntegreerde finansiële dienste-ondernemings bestaan uit FNB, RMB, WesBank, Aldermore en Ashburton Investments. Die groep is werksaam in Suid-Afrika, sekere markte in Afrika suid van die Sahara en die Verenigde Koninkryk en bied 'n universele stel transaksie-, uitleen-, beleggings- en versekeringsprodukte en -dienste aan. FirstRand kan sy klante voorsien van gedifferensieerde en mededingende waarde-aanbiedinge vanweë sy unieke en hoogs buigsame model wat daarop gemik is om die mees geskikte handelsmerk-, verspreidingskanaal-, lisensie- en bedryfsplatform wat in die portefeulje beskikbaar is, te benut. Hierdie benadering, wat deur die gedissiplineerde toewysing van finansiële hulpbronne ondersteun word, en deur ontwrigtende digitale en data platforms in staat gestel word, laat die groep toe om die franchise-waarde van sy portefeulje ten volle te ontsluit.

Effektiewe belang **4.0%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
R213 497 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
A P Pullinger

Remgro genomineerde direkteure
F Knoetze, J P Burger

Webwerf
www.firstrand.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Bedryfsinkomste	105 305	0.9
Bedryfswins	25 266	(36.8)
Wesensverdienste	17 326	(37.9)
Genormaliseerde verdienste	17 265	(38.1)

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

Verwys na www.firstrand.co.za vir meer inligting.

FIRSTRAND BEPERK (FIRSTRAND)

FirstRand se bydrae tot Remgro se wesensverdienste verteenwoordig laasgenoemde se direkte belang van 3.9% (soos aan die begin van die finansiële jaar) in FirstRand en sluit die indirekte bydrae van FirstRand uit wat verband hou met die belegging wat Remgro vroeër in RMH gehad het. Die bydrae van FirstRand tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het tot R657 miljoen (2019: R1 093 miljoen) afgeneem.

FirstRand se wesensverdienste vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 het met 37.9% tot R17 326 miljoen (2019: R27 887 miljoen) afgeneem.

FirstRand glo dat genormaliseerde verdienste 'n meer akkurate weergawe van die bedryfsvertoning is en daarom word wesensverdienste vir nie-bedryfsitems en rekeningkundige afwykings aangepas. FirstRand se resultate vir die jaar tot 30 Junie 2020 weerspieël die uiters moeilike bedryfsomgewing, met genormaliseerde verdienste wat, vergeleke met 30 Junie 2019, met 38% tot R17.3 miljard afgeneem het. Opbrengs op ekwiteit het tot 12.9% (Junie 2019: 22.8%) afgeneem. Die meeste van hierdie afnames was te wyte aan beduidende hoër as verwagte kredietwaardedalingskoste, meegebring deur ekonomiese aannames oor die toekoms, soos vereis deur *IFRS 9*.

FirstRand het 'n aansienlike toename in kredietvoorsieningsvlakke van R15 miljard vir die jaar tot 30 Junie 2020 (2019: toename van R5 miljard) gerapporteer. Terwyl die kredietwaardedalingskoste van R24 miljard (2019: R11 miljard) grootliks tot die afname in verdienste bygedra het, het die negatiewe impak van rentekoersdalings en marge-druk op termynpolisse, gedempte nie-rente-omsetgroei weens laer absolute volumes gedurende die inperkingstyd, asook trae besigheidvorming, verdere druk meegebring.

Daarby het FirstRand, met inagneming van die jongste epidemiologiese en ekonomiese vooruitskattings, konserwatief voorsiening gemaak vir 'n skerp toename in afleggingseise, sowel as verhoogde sterfte-eise in sy versekeringsbesigheid.

GESONDHEIDSORG

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
Mediclinic	**1 655**	1 693

MEDICLINIC INTERNATIONAL

PROFIEL: Mediclinic verskaf omvattende, hoëgehalte hospitaaldienste op 'n kostedoeltreffende grondslag in Suider-Afrika, die Verenigde Arabiese Emirate, Switserland en die Verenigde Koninkryk.

Effektiewe belang **44.6%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
£1 951 miljoen

Primêre notering:
Londense aandelebeurs

Sekondêre notering:
JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
R van der Merwe

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, P J Uys (alternatief)

Webwerf
www.mediclinic.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2020 £ miljoen	%
Omset	**3 083**	**5.2**
Bedryfsverlies	**(184)**	**(327.2)**
Aangepaste verdienste	**177**	**(10.6)**

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R115 miljoen

Aantal werknemers
33 140

BBSEB-status
Vlak 4

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 240 405 ton CO_2e

MEDICLINIC INTERNATIONAL PLC (MEDICLINIC)

Mediclinic het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2020 in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig geëkwiteer. Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R1 655 miljoen (2019: R1 693 miljoen) bedra.

Die volgende kommentaar is op voor-*IFRS 16*-syfers gegrond om vergelykbaarheid tussen finansiële jare moontlik te maak.

Mediclinic se omset vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2020 het met 5% tot £3 083 miljoen (2019: £2 932 miljoen) toegeneem. Aangepaste voor-*IFRS 16*-verdienste, voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (EBITDA), het met 3%, vanaf £493 miljoen tot £480 miljoen, afgeneem, terwyl die aangepaste EBITDA-margevlak van 16.8% tot 15.6% afgeneem het. Die Covid-19-pandemie het, weens beperkings op gekose chirurgie, 'n impak op Mediclinic se resultate vir Maart 2020 gehad.

Mediclinic het 'n belang van 100% in Hirslanden, die houermaatskappy van die grootste private hospitaalgroep in Switserland. Hirslanden se omset vir die jaar onder oorsig het met 1% tot CHF1 804 miljoen (2019: CHF1 778 miljoen) toegeneem en aangepaste EBITDA was 7% laer op CHF266 miljoen (2019: CHF285 miljoen). Die aangepaste EBITDA-marge het van 16.0% tot 14.8% afgeneem. Die besigheid maak vordering in sy aanpassing by veranderde regulasies wat die Switserse gesondheidstelsel raak en is ook steeds besig om sy dagkliniekstrategie uit te brei.

Mediclinic Suider-Afrika se omset het in die jaar onder oorsig met 7% tot R17 031 miljoen (2019: R15 960 miljoen) toegeneem. Aangepaste EBITDA het tot R3 388 miljoen (2019: R3 385 miljoen) toegeneem, terwyl die aangepaste EBITDA-margevlak van 21.2% tot 19.9% afgeneem het, 'n weerspieëling van die koste van inisiatiewe om kliniese standaarde te verhoog en oor die volle spektrum van gesondheidsorg uit te brei.

Op 31 Maart 2020 het Mediclinic Midde-Ooste sewe hospitale en 20 klinieke met 'n totaal van 926 beddens in Dubai en Abu Dhabi besit en bedryf. Omset het met 6% tot AED3 445 miljoen (2019: AED3 262 miljoen) vir die jaar onder oorsig toegeneem. Aangepaste EBITDA het met 1% tot AED422 miljoen (2019: AED425 miljoen) toegeneem, terwyl die aangepaste EBITDA-margevlak van 13.0% tot 12.3% afgeneem het. Omsetgroei was onder druk as gevolg van moeilike makro-ekonomiese toestande en 'n baie mededingende omgewing, asook Covid-19-inperkings.

Al drie afdelings het in Maart 2020 Covid-19-inperkingsmaatreëls ingestel, wat die opskorting van gekose prosedures ingesluit het. Sedert die verslapping van hierdie maatreëls in April en Mei 2020 het pasiëntgetalle en bedbesetting geleidelik verbeter.

VERBRUIKERSPRODUKTE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
RCL Foods	92	254
Distell – entiteitsbydrae	165	459
– *IFRS 3* uitgawe	(47)	(47)
Siqalo Foods – entiteitsbydrae	414	332
– *IFRS 3* uitgawe	(79)	(80)
	545	918



RCL FOODS

PROFIEL: RCL Foods is 'n houermaatskappy, met gediversifiseerde belange, wat op drie kategorieë fokus: verbruiker (hoender, kruideniersware, pasteie, drank en spesialiteitsbesighede), suiker- en meulbedryf (suiker, dierevoedsel en Millbake-besigheidseenhede) en logistiek.

Effektiewe belang **77.1%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
R7 817 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
M Dally

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, P R Louw,
H J Carse, P J Neethling (alternatief)

Webwerf
www.rclfoods.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Omset	27 804	7.4
Bedryfsverlies	(806)	n/b
Wesensverdienste	114	(65.3)

* *n/b – nie betekenisvol.*

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R29 miljoen

Aantal werknemers
20 823

BBSEB-status
Vlak 3

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings
van 1 039 798 ton CO_2e

RCL FOODS BEPERK (RCL FOODS)

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 het RCL Foods se wesensverdienste met 65.3% tot R114 miljoen (2019: R329 miljoen) afgeneem. Remgro se deel van die wesensverdienste van RCL Foods bedra R92 miljoen (2019: R254 miljoen) vir die jaar onder oorsig.

Die maatskappy se wesensverdienste is in die laaste kwartaal van die huidige finansiële jaar wesentlik deur die Covid-19-pandemie en nasionale inperking geraak, met die mees beduidende impak op hoender en Vector Logistics, hoofsaaklik weens die sluiting van kitskosrestaurante.

RCL Foods se omset vir die jaar tot 30 Junie 2020 het met 7.4% tot R27.8 miljard (2019: R25.9 miljard) toegeneem. Die toename was hoofsaaklik danksy hoër suikerpryse, asook hoër Vector-omset as gevolg van die inname van Siqalo Foods in Maart 2019.

Die herstrukturering in een voedselafdeling, bestaande uit die vier logiese sakegroeperinge, naamlik kruideniersware, gebak, hoender en suiker, is vroeër in die finansiële jaar geïmplementeer, met 'n verskuiwing na 'n waardefokus. Kruideniersware het 'n sterk vertoning gelewer, aangehelp deur volumegroei in veral troeteldiervoedsel, grondboontjiebotter en beskuit. Omset uit gebak het, vergeleke met die vorige jaar, met 2.7% toegeneem, danksy hoër volumes in brood, bolletjies en rolletjies. Hoenderomset het met 2.1% op hoër volumes toegeneem. Die volumegroei is deels teengewerk deur laer pryse weens die nasionale inperking, met kitskosrestaurante-volumes wat teen laer pryse na klein- en groothandel herkanaliseer is, of in voorraad gehou moes word. Suiker het 'n aansienlike verbetering in winsgewendheid getoon, al was dit van 'n laer vlak, terwyl sy omset met 15.3% toegeneem het, hoofsaaklik danksy hoër suikerverkope, verhoogde pryse en 'n beter mengsel.

Die huidige finansiële tydperk was 'n waterskeidingsjaar vir Vector Logistics. Die suksesvolle aan boord neem van Siqalo Foods in die eerste helfte van die jaar, asook die verkryging van Imperial Logistics se koukettingbesigheid in die tweede helfte van die jaar, was die grootste inisieerders van hoëvlakgroei.

VERBRUIKERSPRODUKTE (vervolg)

DISTELL

PROFIEL: Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritualieë en gegeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika en internasionaal.

Effektiewe belang **31.8%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
R16 761 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
R M Rushton

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, P R Louw (alternatief)

Webwerf
www.distell.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Omset	22 370	(14.6)
Bedryfswins	981	(44.2)
Wesensverdienste	517	(63.9)

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R25 miljoen

Aantal werknemers
4 845

BBSEB-status
Vlak 4

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 130 299 ton CO_2e

DISTELL GROUP HOLDINGS BEPERK (DISTELL)

Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die jaar onder oorsig R165 miljoen (2019: R459 miljoen) bedra. Met insluiting van 'n bykomende *IFRS 3*-heffing, wat deur Remgro verantwoord is, het Distell R117 miljoen (2019: R412 miljoen) bygedra.

Distell se gerapporteerde wesensverdienste vir die jaar tot 30 Junie 2020 het met 64.1% tot R517 miljoen (2019: R1 441 miljoen) afgeneem.

Die beperkings wat ingestel is op die verkope van alkohol as deel van die regering se strategie om die verspreiding van die Covid-19-virus te bekamp, het handelsbedrywighede met byna 20% op 'n jaargrondslag verminder. As gevolg van die inperkingsmaatreëls in verskeie lande en, in die besonder in sy grootste mark, Suid-Afrika, het die groep nagenoeg 100 miljoen liter in verkoopsvolume en R4.3 miljard in omset verloor. Omset het met 14.6% tot R22.4 miljard afgeneem op volumes wat 22.5% laer was. Omset, aksynsbelasting uitgesluit, het met 15.8% afgeneem.

Bekende jenewer- en vodka-handelsmerke het goed vertoon in 'n baie mededingende omgewing en spiritualieë het 'n mate van groei getoon nadat die eerste Suid-Afrikaanse verbod op alkoholverkope opgehef is. Die wynkategorie is ook deur die inperkings geraak, maar het goeie herstel in verbruiksaankope getoon nadat die beperkings opgehef is. Verhoogde kompetisie en afslagpryse in die groeiende "gereed-om-te-drink"-kategorie het voortgeduur. Savanna het egter sy sterk momentum teen mededingers behou en daardeur Distell se siening oor die bou van handelsmerkekwiteit bo aggressiewe prysvasstelling gestaaf. Innovasies ten opsigte van Esprit en Savanna (nie-alkoholies) het ook 'n sterk vertoning in die jaar gelewer. Die groep het ook sowat R25 miljoen se omset uit die verkope van etanol en ontsmettingsmiddels in die verslagtydperk verdien.

In Afrika-markte buite Suid-Afrika het omset met 3.0% afgeneem op verkoopsvolumes wat 14.7% laer was, hoofsaaklik as gevolg van 'n 19.1%-afname in volumes in Botswana, Lesotho, Namibië en Eswatini. Volumes in internasionale markte buite Afrika het onderskeidelik met 13.1% en omset met 8.8% afgeneem.

SIQALO FOODS

PROFIEL: Siqalo Foods vervaardig smere wat onder toonaangewende handelsmerke verkoop word.

Effektiewe belang **100%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R6 145 miljoen

Ongenoteer

Besturende direkteur
A Mahoney

Remgro genomineerde direkteure
J J du Toit, M Rabie

Webwerf
www.siqalofoods.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Omset	2 712	3.3
Bedryfswins	515	15.2
Wesensverdienste	414	24.7

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R4 miljoen

Aantal werknemers
300

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 247 652 ton CO_2e

SIQALO FOODS EIENDOMS BEPERK (SIQALO FOODS)

Siqalo Foods vervaardig smere wat onder toonaangewende handelsmerke soos *Rama*, *Flora*, *Stork* en *Rondo* binne die Suider-Afrikaanse doeane-uniegebiede verkoop word.

Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R414 miljoen (30 Junie 2019: R332 miljoen), bedra, met uitsluiting van bykomende *IFRS 3*-amortisasie van R79 miljoen (30 Junie 2019: R80 miljoen). Siqalo Foods het 'n na-belaste afsluitingsbedrag van R31 miljoen van Unilever ontvang. Met uitsluiting van die afsluitingsbedrag, het Siqalo Foods se bydrae tot wesensverdienste van R332 miljoen tot R383 miljoen (of met 15.4%) toegeneem. In 'n uitdagende en onstuimige jaar weens die impak van die Covid-19-pandemie, sowel as 'n swak Suid-Afrikaanse rand, wat ingevoerde grondstowwe geraak en tot 'n prysverhoging in September 2019 gelei het, het Siqalo Foods, vergeleke met die vorige jaar, 'n afname van 3.3% in volumes ervaar. Goeie kostebestuur het die besigheid in staat gestel om bedryfs-EBITDA met 13.7% te verhoog. Danksy sy toonaangewende handelsmerke lewer die besigheid, soos in vorige jare, steeds goeie resultate. Op 30 Junie 2020 het Siqalo Foods 'n saamgestelde 12-maande-bewegende gemiddelde waarde-markaandeel van 70.2% gehad. Siqalo Foods bly verbind tot handelsmerk- en volumegroei in 2021, asook die handhawing van winsmarges in gedempte ekonomiese toestande.

Twee kontrakte is met RCL Foods gesluit. Vector Logistics hanteer die verspreiding en verkope, terwyl 'n bestuurs-dienstekontrak sekere dienste reguleer wat die RCL Foods Shared Services-platform op 'n armlengtebasis aan Siqalo Foods lewer. Die resultaat is 'n innoverende, alternatiewe sakemodel wat die vermoë in die breër Remgro-groep benut.

NYWERHEID

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
Air Products	**333**	343
Total	**(20)**	328
KTH	**(164)**	161
Wispeco	**80**	121
PGSI	**(126)**	(9)
	103	944

PROFIEL: Air Products produseer suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdioksied vir verkoop in gasvorm deur middel van pyplyne, ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers. Air Products versprei ook industriële gasse, saam met die toepaslike toerusting, aan die handelsmark. Die ander 50% van die gewone aandele word deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy, gehou.

Effektiewe belang **50.0%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R7 958 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
R Richardson

Remgro genomineerde direkteure
H J Carse, N J Williams

Webwerf
www.airproductsafrica.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 September 2019 R miljoen	%
Omset	**3 217**	**6.6**
Bedryfswins	**946**	**4.5**
Wesensverdienste	**677**	**5.8**

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R16 miljoen

Aantal werknemers
670

BBSEB-status
Vlak 4

AIR PRODUCTS SOUTH AFRICA EIENDOMS BEPERK (AIR PRODUCTS)

Air Products het 'n September-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2020 by Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig ingesluit. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 2.9% tot R333 miljoen (2019: R343 miljoen) afgeneem.

Air Products se omset vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2020 het met 2.7% tot R3 232 miljoen (2019: R3 148 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde tydperk met 3.6% tot R930 miljoen (2019: R964 miljoen) afgeneem het.

Air Products is die grootste vervaardiger van industriële gasse in Suider-Afrika. Die maatskappy is ook 'n invoerder en verspreider van 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse wat aan 'n wye reeks nywerhede verskaf word, waaronder staal, chemikalieë, olie-raffinering, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking, asook algemene vervaardiging, fabrikasie en sweiswerke.

Handelstoestande in die tydperk onder oorsig was moeilik. Volgehoue swakheid in vervaardiging en die meeste ander sektore van die ekonomie het tot 'n gedempte vraag na die maatskappy se produkte gelei en druk op pryse uitgeoefen.

Vanaf 31 Maart 2020 tot 30 Junie 2020 is sakebedrywighede, ook dié van die meeste van Air Products se belangrikste klante, deur die Covid-19-pandemie en gevolglike inperkingsmaatreëls ontwrig. Dit het 'n aansienlike daling in verkoopsvolumes tot gevolg gehad, met 'n gepaardgaande afname in bedryfswins.

Sedert 30 Junie 2020 het Air Products by sy grootste klante 'n herstel tot net benede voor-Covid-19-vlakke ervaar, sowel as ten opsigte van verbruikers van verpakte en vloeibare gas.

PROFIEL: Filiaal van Total (Frankryk). Total se besigheid behels die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika, asook die verspreiding daarvan aan buurlande. Die maatskappy het 'n belang van 36% in National Petroleum Refiners of South Africa Eiendoms Beperk (Natref).

Effektiewe belang **24.9%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R10 100 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
M Kane-Garcia

Remgro genomineerde direkteure
M Morobe, N J Williams

Webwerf
www.total.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Desember 2019 R miljoen	%
Omset	73 944	6.0
Bedryfswins	2 147	18.0
Wesensverdienste	1 582	14.8

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R52 miljoen

Aantal werknemers
719

BBSEB-status
Vlak 1

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 13 254 ton CO_2e

TOTAL SOUTH AFRICA EIENDOMS BEPERK (TOTAL)

Total het 'n Desember-jaareinde, maar die maatskappy se resultate vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2020 is in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het 'n verlies van R20 miljoen (2019: wins van R328 miljoen) bedra.

Die resultate is beïnvloed deur ongunstige voorraad-herwaardasies van R1 277 miljoen (2019: R2 miljoen, ongunstig) weens die internasionale olieprys, wat vanaf $64.1 per vat op 30 Junie 2019 tot $40.1 per vat op 30 Junie 2020 afgeneem het.

Total se omset vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2020 het met 14.4% tot R64 605 miljoen (2019: R75 432 miljoen) afgeneem. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die impak wat die Covid-19-inperking gehad het op die volumes wat verkoop is in die mynbou- en handelsektor teen 'n laer gemiddelde basiese brandstofprys vergeleke met die vorige tydperk.

Die maatskappy het volgehou met sy beleggings ten opsigte van gesondheids-, veiligheids-, en omgewingsaspekte in ooreenstemming met strenger wetgewing en groepvereistes. Die belangrikste fokusareas is omgewingsnakoming, asook gesondheids- en veiligheidsnakoming deur personeel, vervoerders en konstruksiekontrakteurs.

Natref se resultate het erg verswak in die tydperk onder oorsig, veral in die vierde kwartaal van die huidige tydperk toe die raffinadery van middel April tot middel Junie gesluit was in die afwesigheid van vraag weens Covid-19.

NYWERHEID (vervolg)

PROFIEL: KTH is 'n gevestigde swart ekonomies beheerde maatskappy, met 'n fokus op beleggingsbankdienste, media- en strategiese beleggings. KTH se hoofbeleggings sluit Kagiso Media Beperk, Momentum Metropolitan Holdings Beperk en Servest Group Eiendoms Beperk in.

Effektiewe belang **36.3%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R5 401 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
P J Makosholo

Remgro genomineerde direkteure
S Crouse, P J Uys

Webwerf
www.kagiso.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Omset	1 456	(9.0)
Bedryfsverlies	(488)	(382.1)
Wesensverlies	(452)	(207.4)

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R0.3 miljoen

Aantal werknemers
16

KAGISO TISO HOLDINGS EIENDOMS BEPERK (KTH)

KTH is 'n toonaangewende beleggingsmaatskappy in swart besit, met 'n sterk en gediversifiseerde bateportefeulje, bestaande uit 'n mengsel van genoteerde en private beleggings in die media, finansiële dienste-, nywerheid-, dienste- en gesondheidsorgsektor.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar het 'n verlies van R164 miljoen (2019: wins van R161 miljoen) bedra. Die afname in KTH se wesensverdienste was hoofsaaklik te wyte aan negatiewe billike waarde-aanpassings op die aandeelhouerslenings aan Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk (Actom) (R260 miljoen), aandeelhouerslening in MeCure Healthcare Beperk (R60 miljoen) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (MMH) (R69 miljoen).

Netto finansieringskoste vir die tydperk het R105 miljoen (2019: R105 miljoen) bedra.

KTH se verdienste vir die jaar was 'n verlies van R610 miljoen (2019: verlies van R90 miljoen) as gevolg van:

- Inkomste uit geëkwiteerde beleggings wat tot 'n verlies van R55 miljoen (2019: wins van R244 miljoen) afgeneem het weens 'n verlies vanaf Servest Group Eiendoms Beperk (Servest) (R109 miljoen) as gevolg van voorraadwaarde-dalings en die erkenning van 'n waarborgverpligting. Daarby het geëkwiteerde resultate van MMH beduidend van R129 miljoen tot R10 miljoen afgeneem.
- Die belegging in Fidelity Bank (Ghana) Beperk (Fidelity) is herklassifiseer ingevolge *IFRS 5* en 'n wins (R84 miljoen) is ten opsigte van beëindigde bedrywighede erken. KTH gaan van sy hele beleggingstruktuur in Fidelity ontslae raak as deel van 'n ooreengekome aandeelhouerstransaksie. In die vorige tydperk het Fidelity geëkwiteerde verdienste van R96 miljoen bygedra.
- Beduidende waardedalings is gedurende die tydperk ten opsigte van Servest, Kaya FM Eiendoms Beperk erken, sowel as klandisiewaarde ten bedrae van R215 miljoen, met betrekking tot Urban Brew Studios Eiendoms Beperk en MediaMark Eiendoms Beperk.

WISPECO Aluminium

PROFIEL: Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging en verspreiding van uitgeperste aluminiumprofiele vir gebruik in die bou-, ingenieurs- en duursame goederesektor.

Effektiewe belang **100%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R810 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
H Rolfes

Remgro genomineerde direkteure
N R Boonzaier, S J de Villiers

Webwerf
www.wispeco.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020 R miljoen	%
Omset	1 991	(16.2)
Bedryfswins	106	(26.9)
Wesensverdienste	80	(33.9)

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R4 miljoen

Aantal werknemers
1 330

BBSEB-status
Vlak 5

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van of 39 330 ton CO_2e

WISPECO HOLDINGS EIENDOMS BEPERK (WISPECO)

Wispeco se omset vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 het met 16.2 % tot R1 991 miljoen (2019: R2 376 miljoen) afgeneem. Die afname was hoofsaaklik toe te skryf aan die Covid-19-pandemie wat sakebedrywighede tydens die verlengde nasionale inperkingstyd in Suid-Afrika ontwrig het. Bedrywighede is vir die hele April gesluit, het tot 50% in Mei hervat en daarna ten volle in Junie ingevolge die nasionale risiko-aangepaste strategieraamwerk. Die afname in omset het ook 'n negatiewe impak op wesensverdienste gehad en was die belangrikste bydraer tot die afname van 33.9% tot R80 miljoen (2019: R121 miljoen) wat ervaar is. Oor die algemeen het die Suider-Afrikaanse vraag na aluminium-uitpersprodukte gedurende die afgelope jaar gestagneer terwyl prysmededinging gehandhaaf is.

Wispeco gaan voort met sy strewe om aluminium-uitpers-produkte van wêreldgehalte te vervaardig, soos bewys deur die installering en inbedryfstelling van 'n nuwe topgehalte knuppelgietaanleg en twee moderne uitpersproduksielyne in Alrode. In die komende jaar sal daarop gefokus word om die maksimum voordele uit hierdie beleggings te verkry. Wispeco bly daartoe verbind om die kortste moontlike lewertyd van bestellings te handhaaf en daardeur die klant se ervaring te optimaliseer.

Die maatskappy se Crealco-reeks argitektoniese produkte bly steeds die aanvaarde norm vir aluminiumvensters en -deure in Suid-Afrika. Die handelsmerk het die reputasie dat dit die voorkeurkeuse vir argitekspesifikasies, asook 'n aanduiding van 'n nuwigheid en gehalte is. Die reeks is wyd beskikbaar en word ondersteun deur 'n netwerk van eie en onafhanklike verspreiders regoor Suider-Afrika. Wispeco se leidende ontwerpsagteware (aangebied aan sy klante) ontwikkel deurlopend om moderne aanpassing, koste-effektiewe ontwerp en voldoening aan bouregulasies te ondersteun.

NYWERHEID (vervolg)

PGSI Limited

PROFIEL: PGSI hou 'n belang van 80% in PG Group Holdings (2019: 90%). Die PG-groep is Suid-Afrika se leier in die geïntegreerde plaatglasbedryf sover dit die vervaardiging, verspreiding en installering van hoëgehalte motor- en konstruksieglasprodukte betref.

Effektiewe belang **37.7%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R819 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte (PG Group)
C Bromley

Remgro genomineerde direkteure (PG Group)
S J de Villiers, J J du Toit

Webwerf
www.pggroup.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 25 Desember 2019 R miljoen	%
Omset	**4 093**	**(4.9)**
Bedryfswins	**32**	**(64.7)**
Wesensverlies	**(99)**	**(194.1)**

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB spandering
R1.5 miljoen

Opleidingspandering
R18.6 miljoen

Aantal werknemers
3 620

BBSEB-status
Vlak 2

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 155 351 ton CO_2e

PGSI BEPERK (PGSI)

PGSI het 'n Desember-jaareinde, maar sy resultate vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2020 is ingesluit in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar het 'n verlies van R126 miljoen (2019: 'n verlies van R9 miljoen) bedra.

PGSI se omset het in die tydperk onder oorsig met 22% tot R3 388 miljoen (2019: R4 331 miljoen) afgeneem. Die groep se bedryfswins het van R265 miljoen tot R103 miljoen afgeneem. Resultate is in die laaste kwartaal van die tydperk negatief deur die Covid-19-ramptoestand en inperkings geraak.

Die groep se hoofbedryfsfiliaal in Suid-Afrika, PG Group, vervaardig en verskaf glas vir die bou- en motorbedryf. Beide sektore het swak aanvraag gerapporteer, met die plaaslike ekonomie wat reeds voor die Covid-19-uitbreking in 'n resessie was.

Die resultate weerspieël die impak van die swakker plaaslike mark en die ooraanbod in die globale glasmark, wat tot beduidende mededinging met laaggeprysde invoerprodukte gelei het. Ekonomiese druk op verbruikers het die motormark ook negatief geraak, waar die verkope van nuwe motors traag en eise in die versekeringsektor aansienlik laer was.

Die groep onderneem verskeie inisiatiewe om doeltreffendheid te verhoog en koste te verminder, wat kritiek is om in die huidige moeilike ekonomiese klimaat mededingend te wees.

INFRASTRUKTUUR

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
CIVH	**(649)**	(204)
Grindrod	**(12)**	72
Grindrod Shipping	**(46)**	(65)
SEACOM	**(10)**	(2)
Ander	**1**	25
	(716)	(174)

PROFIEL: CIVH is aktief in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor. Die belangrikste bedryfsmaatskappye van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) en Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel), wat optiese veselnetwerke bou en besit.

Effektiewe belang **54.7%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R19 353 miljoen

Hoofuitvoerende beampte van DFA
M W Mulder

Hoofuitvoerende beampte van Vumatel
D Mare

Remgro genomineerde direkteure
C W Ceasar, P J Uys

Webwerf
www.dfafrica.co.za
www.vumatel.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2020 R miljoen	%
Omset	**3 704**	**57.7**
Bedryfswins	**608**	**150.2**
Wesensverlies	**(1 269)**	**(173.5)**

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R22 miljoen

Aantal werknemers
1 084

BBSEB-status
DFA: Vlak 2

COMMUNITY INVESTMENT VENTURES HOLDINGS EIENDOMS BEPERK (CIVH)

CIVH is aktief in die telekommunikasie- en inligtings-tegnologiesektor en is die houermaatskappy van 'n groep maatskappye waarvan DFA en Vumatel die grootste bedryfs-filiale is.

DFA is die voorste verskaffer wat vrye toegang tot vesel- en verbindingsinfrastruktuur in Suid-Afrika bied. Dit bou, installeer, bestuur en onderhou 'n optieseveselnetwerk wat telekommunikasieverkeer in stedelike gebiede, asook op langafstandroetes, hanteer en aan klante (telekommunikasiemaatskappye en internetdiensverskaffers (IDVs)) verhuur word deur van 'n groothandelsmodel gebruik te maak wat vrye toegang bied. DFA beskik oor veselbates wat oor meer as 12 000 km strek en besit netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria, sowel as netwerke in 25 kleiner metropole soos Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni en George, om slegs 'n paar te noem.

Vumatel bied vrye toegang en stel optiese vesel op die "laaste myl"-vlak beskikbaar deur die vesel-tot-huis (FTTH)-produkte en -dienste wat aan IDVs verskaf word. Vumatel installeer optiese vesel in voorstedelike woongebiede en beskik oor meer as 18 000 km se veselbates. Nadat die vesel geïnstalleer is, verhuur Vumatel die infrastruktuur aan IDVs, wat breëband-kleinhandelsinternetdienste aan eindgebruikers verskaf.

CIVH het 'n Maart-jaareinde en daarom is sy resultate vir die 12 maande tot 31 Maart 2020 by dié van Remgro ingesluit vir die jaar onder oorsig. CIVH se bydrae tot Remgro se

INFRASTRUKTUUR (vervolg)

wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het 'n verlies van R649 miljoen behels, vergeleke met 'n wesensverlies van R204 miljoen die vorige jaar. Die toename in die verlies was hoofsaaklik te wyte aan aansienlike transaksie- en befondsingskoste wat verband hou met die Vumatel-verkryging in die huidige finansiële jaar, sowel as die konsolidering van tien maande van Vumatel se rekeningkundige verliese. Die groep se resultate is ook negatief geraak deur omsigtige kredietvoorsiening weens die onsekerhede wat deur Covid-19 veroorsaak is.

Die groep genereer aansienlike kontant en het gedurende die jaar meer as R2 miljard van sy bedryfskontantvloei in die uitbreiding van bedrywe en sy netwerkvoetspoor herbelê.

CIVH het belangrike korporatiewe aksies in die jaar onder oorsig onderneem wat, onder andere, die verhoging van sy belang in Vumatel, van 34.9% tot 100% in Mei 2019, ingesluit het, asook die herstrukturering in Desember 2019 van die afsonderlike skuldpakkette van DFA en Vumatel in 'n optimale groepwye skuldfasiliteit, met 'n kapasiteit vir verdere bedryfskapitaalbesteding.

Vumatel het die FTTH-markleier in Suid-Afrika geword, met onderskeidelik 40% van huisverbindings en aktiewe intekenaars. Infrastruktuurinisiatiewe het die besigheid in staat gestel om optiese vesel suksesvol deur die Reach-produkaanbieding in laer lewenstandaardmeting (LSM)-gebiede te kommersialiseer en sy Reach-voorafbetaalde platform suksesvol te loods. Benewens pogings om besigheid op die bestaande ontplooide infrastruktuur op te neem, het hooffokusgebiede gedurende die jaar ook die uitbreiding van die Active Ethernet en Gigabit Passive Optic Network (GPON) in Ekurhuleni en Kaapstad ingesluit, terwyl uitbreidingsvermoë ook in nuwe Reach-gebiede, soos Mitchells Plain, Vosloorus en Soweto, geskep is.

Vumatel-groep se omset vir die tydperk het, vergeleke met die vorige jaar, met 80% tot R1.5 miljard toegeneem, hoofsaaklik vanweë geakkumuleerde groei in intekenaars.

Die boekwaarde van DFA se huidige optieseveselnetwerk is meer as R9.7 miljard. Die bedryfstyd vir die jaar onder oorsig was 99.985% en die gemiddelde tyd vir herstelwerk was minder as 2.5 uur, heelwat bo bedryfstandaarde. DFA se omsetmodel pas goed by klante se behoeftes aan en bied buigsame betalingsopsies, met 'n mengsel van 'n voorafbetaalde bedrag en maandelikse annuïteit, of meerjarige kontrakte, van tot 15 jaar, op 'n annuïteitsgrondslag. Die toekomstige waarde van huidige annuïteitskontrakte (bestellings uitgesluit) bedra meer as R11.6 miljard.

DFA se groepomset het in die finansiële jaar tot 31 Maart 2020 op 'n jaargrondslag met 5% tot R2 465 miljoen (2019: R2 349 miljoen) toegeneem, danksy annuïteitsinkomste wat tot meer as R179 miljoen per maand op 31 Maart 2020 (31 Maart 2019: R159 miljoen) toegeneem het, die meeste daarvan uit langtermynkontrakte met klante.

Vumatel het die registrasie van 'n onafhanklike KMB-stigting geïnisieer, met die doel om volhoubare ekostelsels te skep in die gemeenskappe waar sake bedryf word. Die doel is om betekenisvol en volhoubaar tot hierdie gemeenskappe by te dra en stewige bande te ontwikkel, waardeur die belangrikheid van die handelsmerk bevestig word en Vuma van mededingers onderskei sal word op 'n wyse wat nie maklik nagedoen kan word nie. Fokusgebiede sluit onderwys, veiligheid, die omgewing en gesondheidsorg in. Die besigheid sal ook voortgaan met die Vuma-skoolprojek, wat reeds 372 skole verbind het in gebiede waar vesel ontplooi is, en waar elke skool met 'n Vumatel-verbinding 'n gratis aanbieding van 1Gbps ontvang.

DFA het 'n vlak 2-BBSEB-gradering vir die jaar ontvang. Kritieke gapings in infrastruktuurontwikkeling, bv. plattelandse skoolverbindings, bly een van DFA se KMB-fokusgebiede ten einde die digitale skeiding in armoedige gebiede te oorbrug. Die positiewe impak hiervan sal wees om studente toegang tot e-onderrig, en uiteindelik tot werkskepping en toetrede tot die ekonomie te gee.

PROFIEL: Grindrod is 'n geïntegreerde verskaffer van vraglogistiek en vervoer van vrag per pad, spoor en lug, met behulp van gespesialiseerde bates en infrastruktuur, insluitend voertuie, lokomotiewe, hawens, terminale, pakhuise en depots. Grindrod Bank is die tweede sake-eenheid in die Grindrod-groep.

Effektiewe belang **23.3%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
R2 286 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
A G Waller

Remgro genomineerde direkteure
P J Uys, W O van Wyk (alternatief)

Webwerf
www.grindrod.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Desember 2019 R miljoen	%
Omset	3 873	11.7
Bedryfswins	527	28.9
Wesensverdienste	55	(93.0)

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R15 miljoen

Aantal werknemers
4 746

BBSEB-status
Vlak 2

Omgewingsaspek
Vlak 1-, 2- en 3-uitlatings van 15 000 ton CO_2e

GRINDROD BEPERK (GRINDROD)

Grindrod het 'n Desember-jaareinde, maar sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2020 is ingesluit in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. Die maatskappy se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar bedra 'n verlies van R12 miljoen (2019: verlies van R72 miljoen).

Voortgesette bedrywighede het wesensverdienste ten bedrae van R23 miljoen vir die eerste helfte van 2020 gegenereer, vergeleke met R165 miljoen in 2019.

Die Maputo-hawe het sy verdienstevlak gehandhaaf en voordeel getrek uit 'n swakker VSA dollar teenoor die rand, waardeur die impak van 'n 5%-afname in sy volume, van 9.3 miljoen ton in 2019 tot 8.8 miljoen ton, teengewerk is. Die Matola-eindpunt het gebaat by 'n bestendige ysterertsprys, ondersteun deur vraag uit China, waardeur volumes met 13% verhoog is, vergeleke met Junie 2019. Die seevragbesigheid en behoueringsbedryf het verdienstegroei van 30% teenoor 2019 behaal. Klaring en versending het goeie verdienstegroei getoon, terwyl spoorlogistiek, danksy herstruktureringsinisiatiewe, verbeter het. Die padvervoerbesighede word toenemend deur 'n hoogs mededingende en dalende volumemark beïnvloed, asook die blootstelling aan swakker ekonomiese groei in Suid-Afrika.

Grindrod Bank gaan voort om in hierdie tyd sake omsigtig te bedryf en te verseker dat dit voldoen aan likiditeits-dekkingsvereistes en toereikende kapitaalverhoudings. Die voorskotboek is versigtig nagegaan om te verseker dat genoegsame voorsienings beskikbaar is om lenings te dek waar sekuriteitswaardes weens die Covid-19-pandemie in gevaar gestel is.

INFRASTRUKTUUR (vervolg)

PROFIEL: Grindrod Shipping is 'n verskepingsdiensverskaffer en besit 'n vloot vragskepe.

Effektiewe belang **22.8%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2020
R913 miljoen

Primêre notering
New Yorkse Effektebeurs

Sekondêre notering
JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte
M R Wade

Remgro genomineerde direkteure
P J Uys, W O van Wyk (alternatief)

Webwerf
www.grinshipping.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Desember 2019 $ miljoen	%
Omset	331	3.8
Bruto wins	21	86.6
Verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	(21)	0.0

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R3 miljoen

Aantal werknemers
699

GRINDROD SHIPPING HOLDINGS BEPERK (GRINDROD SHIPPING)

Grindrod Shipping het 'n Desember-jaareinde, maar sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2020 is ingesluit in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. Die maatskappy se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar behels 'n verlies van R46 miljoen (2019: R65 miljoen verlies).

Grindrod Shipping rapporteer sy resultate vir die ses maande geëindig 30 Junie 2020. Omset was feitlik onveranderd, met 'n geringe afname vanaf $167.2 miljoen, vir die ses maande tot 30 Junie 2019, tot $167.1 miljoen vir die ses maande tot 30 Junie 2020. Die grootste gedeelte van omset is vaartuigomset, wat met $19.7 miljoen, of nagenoeg 13.3%, van $147.7 miljoen (vir die ses maande geëindig 30 Junie 2019) tot $128.0 miljoen (vir die ses maande tot 30 Junie 2020) afgeneem het. Verbeterde skeepshuurtariewe in die tenkskipmark is in die eerste helfte van 2020 teengewerk deur 'n daling in huurtariewe in die droëvragmark. Gedurende hierdie tydperk het omset uit skeepsverkope van $16.5 miljoen tot $37.9 miljoen toegeneem.

Bruto wins het met $3.0 miljoen, of 50.8%, van $5.9 miljoen (in die ses maande geëindig 30 Junie 2019) tot $8.9 miljoen (vir die ses maande tot 30 Junie 2020) toegeneem. Dit was hoofsaaklik die gevolg van laer huurtariewe, aangesien droëvraghuurtariewe in die eerste helfte van 2020 afgeneem het, asook 'n afname in grootmaatverspreiding na derdepartye na die aankope en konsolidasie van die maatskappy se IVS-massabesigheid.

Grindrod Shipping se wesensverlies vir die ses maande geëindig 30 Junie 2020 het $6.3 miljoen (2019: $14.4 miljoen) bedra.

PROFIEL: SEACOM verskaf plaaslike en internasionale optieseveselverbindings, met 'n hoëkapasiteit, asook internet- en "cloud"-dienste aan die groothandels- en ondernemingsmarkte in Suider- en Oos-Afrika.

Effektiewe belang **30.0%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R3 030 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
B Clatterbuck

Remgro genomineerde direkteure
H J Carse, P J Uys

Webwerf
www.seacom.mu

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

SEACOM is 'n privaat maatskappy en sy finansiële inligting word nie in detail geopenbaar nie as gevolg van beperkinge op openbaarmaking soos onderling tussen aandeelhouers ooreengekom.

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
VS$0.3 miljoen

Aantal werknemers
292

SEACOM CAPITAL BEPERK (SEACOM)

Remgro het 'n effektiewe ekonomiese belang van 30% in SEACOM, wat optiesevesel-gegronde telekommunikasiestelsels deur stedelike-, streeks- en internasionale roetenetwerke in Suider- en Oos-Afrika bemark.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde, maar sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2020 is ingesluit in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar het 'n verlies van R10 miljoen (2019: R2 miljoen verlies) bedra. Hoër toeskryfbare rentekoste weens die impak van die aanvaarding van *IFRS 15* het die groep se winsgewendheid in die vorige jaar beïnvloed.

SEACOM verskaf hoëkapasiteit internasionale en plaaslike bandwydtedienste aan klante in die vorm van internasionale privaatlyne, IP-transitodienste, internettoegang en "cloud"-dienste. Die maatskappy brei steeds sy besigheid in die onderneming- en diensverskaffersmark uit deur nasionale langafstand-, metro- en laastemyl-veseloplossings aan klante te bied, asook hoëkapasiteit internet-, Metro Ethernet- en "cloud"-dienste.

'n Toename is in die vraag na data en wolkdienste ervaar. SEACOM se vermoë om by die snel ontwikkelende datamark aan te pas en te belê in sy ondersese en landnetwerk, stel die maatskappy in staat om op die steeds toenemende vraag na vinniger en meer betroubare datadienste te reageer en sodoende sy mededingende posisie te handhaaf.

SEACOM volg 'n pro-aktiewe benadering om winsgewendheid te verseker deur die uitbreiding van sy netwerk en produkte om in markaanvraag te voorsien, asook deur die bekendstelling van 'n meer gediversifiseerde produkreeks, wat hom in staat stel om, danksy 'n beter waarde-aanbod, markaandeel te vergroot. Organiese groei en verkrygings het in die jaar onder oorsig tot SEACOM se volgehoue groei bygedra.

INFRASTRUKTUUR (vervolg)

ANDER INFRASTRUKTUURBELANGE

PEMBANI • REMGRO

PEMBANI REMGRO INFRASTRUCTURE FUND I

PRIMCO EN PRIF

PROFIEL: Pembani Remgro Infrastructure Managers Eiendoms Beperk (PRIMCO) is die adviseur van Pembani Remgro Infrastruktuurfonds I (PRIF), 'n fonds wat toegespits is op privaatsektor-beleggings in infrastruktuur op die Afrika-vasteland.

WEBWERF: www.pembani-remgro.com

Effektiewe belang (PRIMCO)	25%
Effektiewe belang (PRIF)	16.2%

MEDIA EN SPORT

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
eMedia Investments	**78**	39
Ander	**19**	(19)
	97	20

PROFIEL: eMedia Investments beskik oor 'n reeks mediabelange waarvan e.tv die belangrikste is. eMedia Investments is die enigste onafhanklike gratis televisie-uitsaaier in Suid-Afrika.

Effektiewe belang **32.3%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R2 931 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
M K I Sherrif

Remgro genomineerde direkteure
H J Carse, N J Williams

Webwerf
www.etv.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2020 R miljoen	%
Omset	**2 506**	**6.4**
Bedryfswins	**319**	**45.0**
Wesensverdienste	**243**	**97.6**

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R36 miljoen

Aantal werknemers
1 106

BBSEB-status
Vlak 2

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 8 525 ton CO_2e

eMEDIA INVESTMENTS EIENDOMS BEPERK (eMEDIA INVESTMENTS)

Remgro het 'n effektiewe belang van 32.3% in eMedia Investments, wat 'n reeks mediabelange besit, waaronder Suid-Afrika se enigste onafhanklike gratis televisiekanale (e.tv, eMovies, eExtra, eToonz en eReality), eNews Channel Africa (eNCA), Openview ('n gratis satellietplatform), Yfm ('n radiostasie gesetel in Gauteng), en verskeie ander ateljeefasiliteite en produksiebesighede.

eMedia Investments het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2020 ingesluit in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk het R78 miljoen (2019: R39 miljoen) bedra.

eMedia se aandeel van die televisiegehoor het tot 24.6% (Maart 2019: 24.1%) gegroei, terwyl sy aandeel in die prima-tydgleuf bestendig gebly het, danksy die goeie vertoning van al die kanaal se daaglikse programme, waaronder Imbewu, The Seed, Scandal en Rhythm City. e.tv gaan 'n nuwe plaaslike dagprogram in die 2021-finansiële jaar bekend stel.

Op die Openview-platform het die aantal geaktiveerde ontvangstoestelle op 31 Maart 2020 tot 1 992 844 (31 Maart 2019: 1 574 395) toegeneem, met nagenoeg 35 000 geaktiveerde stelle maandeliks. Advertensie-omset op die platform het van R132 miljoen in 2019 tot R194 miljoen in 2020 toegeneem. Die getal geaktiveerde ontvangstoestelle het op 30 Junie 2020 meer as 2 miljoen beloop.

eNCA bly steeds die mees gekykte nuuskanaal in die land (deur LSM 8 tot 10), met 47% van die markaandeel. Terwyl advertensie-omset onder druk bly, word koste goed in bedwang gehou.

Met die verkoop en sluiting van sommige nie-kernbates gedurende die jaar, fokus eMedia nou op sy kernbesigheid, naamlik die skep van uitsaai-inhoud, asook op sy rol as platform en tegnologieverskaffer.

MEDIA EN SPORT (vervolg)

ANDER MEDIA- EN SPORTBELANGE

THE BLUE BULLS COMPANY EIENDOMS BEPERK (BLUE BULLS)

PROFIEL: Blue Bulls bestuur die Blue Bulls professionele rugby-unie, Loftus Versfeld en sekere amateur- en bestuursaksies en bedrywighede van die Blue Bulls rugby-unie.

WEBWERF: www.thebulls.co.za

Effektiewe belang **50.0%**

Stellenbosch Academy of Sport

STELLENBOSCH ACADEMY OF SPORT EIENDOMS BEPERK

PROFIEL: Stellenbosch Academy of Sport verskaf afrigting van wêreldgehalte aan plaaslike en internasionale sportspanne en atlete, asook 'n omgewing vir voorbereiding.

WEBWERF: www.sastraining.co.za

Effektiewe belang **100%**

STELLENBOSCH FOOTBALL CLUB EIENDOMS BEPERK

PROFIEL: Die Stellenbosch Football Club neem aan die Suid-Afrikaanse Premiersokkerliga deel. Die belegging in die klub bevorder Remgro en die Stellenbosch Academy of Sport se plaaslike gemeenskapsbetrokkenheid.

WEBWERF: www.stellenboschfc.com

Effektiewe belang **100%**

ANDER BELEGGINGS

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
Business Partners	**25**	65
Ander	**(91)**	(26)
	(66)	39

BUSINESS/PARTNERS
Investing in entrepreneurs

PROFIEL: Business Partners se hoofbedryf is om kapitaal, kennis en vaardigheid in lewensvatbare klein- en mediumgrootte ondernemings (KMO's) te belê. Die maatskappy belê in KMO's deur befondsing, ondersteuning en mentorskap aan entrepreneurs te verskaf.

Effektiewe belang **44.1%**

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2020
R2 717 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte
B Bierman

Remgro genomineerde direkteure
C W Ceasar, M Lubbe, N J Williams

Webwerf
www.businesspartners.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2020 R miljoen	%
Omset	**495**	**(18.7)**
Bedryfswins	**80**	**77.8**
Wesensverdienste	**59**	**(61.2)**

VOLHOUBAARHEIDS-MAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering
R8 miljoen

Aantal werknemers
249

BBSEB-status
Vlak 4

BUSINESS PARTNERS BEPERK (BUSINESS PARTNERS)

Business Partners het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die 12 maande tot 31 Maart 2020 geëkwiteer in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. Wesensverdienste toeskryfbaar aan Remgro vir die jaar onder oorsig het R25 miljoen (2019: R65 miljoen) bedra.

Business Partners se wesensverdienste vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2020 het R59 miljoen (2019: R152 miljoen) bedra, terwyl die wins toeskryfbaar aan aandeelhouers met 75.1%, van R213 miljoen tot R53 miljoen, afgeneem het. Die afname in wins is hoofsaaklik aan laer beleggingsinkomste en profyte te wyte.

Die impak van Covid-19 op die resultate van Business Partners was aansienlik en het die twee hoofbateklasse wesentlik geraak deur die kredietverliese wat in die beleggingsportefeulje verwag word, asook die herwaardering van die beleggings-eiendomsportefeulje.

Die verwagte kredietverliese vereis 'n bykomende waardedalingskoste van R84 miljoen om die ekonomiese verwoesting veroorsaak deur die geveg teen die virus in berekening te bring, waardeur die waardedalingspersentasie van 9.5% tot 12.4% van die bruto portefeuljewaarde verhoog word.

Netto kredietverliese het met 184.6% tot R148 miljoen (2019: R52 miljoen) toegeneem. Die impak van die virus op die ekonomie, en in die besonder op batepryse, het tot 'n devaluering ten bedrae van R64 miljoen van die beleggingseiendoms-portefeulje gelei.

In die verlening van finansiële steun aan KMO-entrepreneurs is die maatskappy se sleutelontwikkelingsdoelwit die indiensneming wat deur kapitaalverskaffing geskep of bevorder word. In die jaar onder oorsig het Business Partners 16 440 werkgeleenthede (2019: 18 817) gefasiliteer.

Sedert 31 Maart 2020 administreer Business Partners The South African SME Relief Trust (of Sukuma-bystandsprogram), wat deur Remgro en die Rupert-gesin befonds word om verligting te bied vir die impak van die Covid-19-pandemie, en ontwikkel en implementeer ook sy eie bystandmaatreëls vir KMO-klante om hulle in staat te stel om die uitdagings wat Covid-19 bied, te bowe te kom.

ANDER BELEGGINGS (vervolg)

CAXTON&CTP

CAXTON CTP BEPERK (CAXTON) (INDIREK GEHOU DEUR FUNDCO EN BIDCO STRUKTUUR)

PROFIEL: Caxton is een van die grootste uitgewers en drukkers van boeke, tydskrifte, koerante en kommersiële drukwerk in Suid-Afrika.

WEBWERF: www.caxton.co.za

Effektiewe belang **6.0%**

invenfin

INVENFIN EIENDOMS BEPERK (INVENFIN)

PROFIEL: Invenfin fokus op kleiner vroeëfase-beleggings.

WEBWERF: www.invenfin.com

Effektiewe belang **100%**

MILESTONE CAPITAL 金顿投资

MILESTONE CAPITAL III EN MILESTONE CAPITAL INVESTMENTS HOLDINGS

PROFIEL: Milestone Capital, gesetel in Hongkong, is 'n privaatekwiteitsbeleggingsfirma, met China as fokus.

WEBWERF: www.mcmchina.com

Effektiewe belang **28.1%**

7.5%

PRESCIENT

PRESCIENT CHINA EQUITY FUND

PROFIEL: Prescient, wat 'n sistematiese, kwantitatiewe benadering volg om langtermyn kapitaalgroei na te streef, belê in genoteerde aandele in die Chinese mark en gebruik die Shanghai Shenzhen CSI 300 indeks as maatstaf.

WEBWERF: www.prescient.co.za

KORPORATIEWE FINANSIES

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE	30 Junie 2020 R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
Sentrale tesourie		
– Finansieringsinkomste	**479**	755
– Finansieringskoste	**(951)**	(823)
– Opsie hermeting	**2**	112
Netto korporatiewe koste	**(667)**	(187)
	(1 137)	(143)

MILLENNIA JERSEY BEPERK – JERSEY
REMGRO FINANSIERINGSKORPORASIE EIENDOMS BEPERK
REMGRO HEALTHCARE HOLDINGS EIENDOMS BEPERK
REMGRO INTERNATIONAL LIMITED – JERSEY
REMGRO JERSEY GBP BEPERK – JERSEY
REMGRO BESTUURSDIENSTE BEPERK
V&R MANAGEMENT SERVICES AG – SWITSERLAND

PROFIEL: Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesouriefunksie, sowel as bestuurs- en ondersteuningsdienste.

Ongenoteerde maatskappye

Finansieringsinkomste het R479 miljoen (2019: R755 miljoen) bedra. Die afname was grootliks te wyte aan minder rente wat plaaslik verdien is weens plaaslike kontant wat in Mei 2019 (£100 miljoen) en Augustus 2019 (£70 miljoen) na die buiteland oorgedra is, asook die vermindering van 250 basispunte in die Suid-Afrikaanse repokoers wat sedert Maart 2020 aangekondig is. Finansieringskoste het R951 miljoen (2019: R823 miljoen) bedra. Die positiewe billike waarde-aanpassing van R2 miljoen (2019: R112 miljoen) hou verband met die afname in die waarde van skuldbriefhouers se ruilopsie van die omruilbare skuldbriewe.

Ander netto korporatiewe koste het R667 miljoen (2019: R187 miljoen) bedra. Die toename was grootliks die gevolg van die Sukuma-donasie ten bedrae van R500 miljoen.